WYKSBYEENKOMSTE

Die eerste week se byeenkomste is as volg:

Dinsdag

Bb1-4	**10:00**	Jean en Hettie du Toit, Sesdelaan 26
Sa4	**10:00**	Magda Loubser, Derdelaan 123
Sb1-3	**15:00**	Konsistorie
PM3	**15:00**	Adri en Linda Basson, JS Maraisstraat 42
BB5+6	**18:00**	Eers op 21 Februarie
BB3+4	**18:00**	Serfie en Karin Potgieter, Niveniaweg 3763

Woensdag

KP	**09:30**	Kogelparksaal
Ba1-3	**10:00**	Leon en Leza Louw, Lobelia 6
PM1	**15:00**	Daphné Loots, Alheitstraat 33
HK1+2	**15:30**	Steven en Lorna Myburgh, Gazanialaan 19
BB1+2	**17:30**	Lampies Cornelius, Ixiaweg 4493

Donderdag

Sc1	**10:00**	Rina Buckle, Vierdelaan 51
Sa3	**10:00**	Peter en Hester Muller, Kusweg 122

BLOMME BY EREDIENSTE

Daar word net vir spesiale Sondae begroot vir blomme in die kerk. Die blommekomitee wil graag elke Sondag blomme in die kerk sit en daarom word gesoek na vrywilligers wat sal help rangskik. Indien jy wil help, kan jy Daphné Loots (3327) of Ninnie du Toit (3172) bel.

FYNBOS

Op 14 Februarie hou Fynbos 'n Valentyns-ete om 12:00. Kaartjies en meer inligting by Fynbos.

WOEKERPOGING

Blok Sa bied 'n potjiekos-aand aan op Vrydag 9 Maart. Kaartjies is R60 per persoon en is by Pierre le Roux (3254) of Roelf Beukes (3129) beskikbaar.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

11 Februarie 2018

Welkom by die Nagmaaldiens

Eerste Lydensweek

08:30	**Kerksaal**	**Dr. Chris Malan**
09:00	**Hangklip Sentrum**	**Ds. Schalk van Wyk**
09:30	**Kerkgebou**	**Ds. Steven Sass**

Deurkollekte: Gemeenteontwikkeling

EREDIENSTE SONDAG 18 Februarie 2018

08:30 Kerksaal
09:30 Kerkgebou
09:00 Sentrum in Bettysbaai

Deuroffer: Sopkombuis

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Jan Luttig: Ba1, Johan Naudé: BB5,
Hannelie Gerber: BB5, Ettienne Gouws: BB5, Sakkie Nel: Sa1,
Johan van Rensburg: Sa1, Alta Hougaard: Sa3,
Derick Karstel: Sb1, Susan Grobler: Sb4, Loryna Wentzel:
KB3, Hannie de Kock: KP en Ina Heunis: KP.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.
In die besonder baie geluk aan almal wat vandag verjaar:

Troula Goosen (BB6), Willie van der Merwe (BB3),
Rian van Niekerk (PM1).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	!8:00	Bybelskool
Diensdag	18:30	Bid vir sendelinge
Woensdag	As-Woensdag	
Donderdag	16:00	Kooroefening. Nuwe lede BAIE welkom.
Vrydag	Klein Berlyn se woekerpoging	

KERKBODE

Lidmate kan inteken op die Kerkbode. Die inskrywingsgeld vir die Kerkbode is hierdie jaar R120. Die werklike prys is R191.

KLEINGROEPE

Ons beplan om met ’n nuwe kleingroep te begin op Donderdag 15 Februarie . Almal wat belangstel kan Nico Jacobs bel (3103)

GEBEDFOKUS

Lidmate wat vir die internasionale studente-bediening wil bid, kan gebedsversoeke agter in die verskillende dienspunte kry.

DAG VAN VEROOTMOEDIGING

Die Sinode het lidmate aangemoedig om 14 Februarie as ‘n dag van verootmoediging deur te bring. Op die dag kan ons spesiaal bid vir uitkoms in die droogtetyd, maar ons ook opnuut weer aan die Here toewy. Die kerkklokke sal daardie dag om 12:00 lui as boodskap dat ons gemeente ons voor die Here verootmoedig. Bid saam waar u op daardie oomblik is sodat Kleinmond saam voor die Here buig..

DORSLAND-FONTEINE

Droogte, droogte… net waar jy in Kaap mag kyk
Steeds geen enkel wolk of druppel water
Afwesig saans die reën se kletter klater
Dis mos weer waar moed die mens beswyk
Op kaal heuwels, ons tong van dors verdroog
In al die laagtes, dageliks die nood verhoog
Maar net een antwoord voor ons moed verloor
My Here God sal elk geloofsgebed verhoor
Erken tog net dat Hy Almagtig, Skepper is
Waterplas, fonteine, riviere gemaak – gewis
Hy ken die ondergrondse paaie van ewig af
Om waterbronne oop te maak, is in Sy mag
Vergeet ons tog so gou die God van liefde
Verbreek Sy hart – ons skuld, Sy gegriefde
Sou Hy deurbreek, die watervloed laat bars?
Dan erken: Hy’s die Gewer van waters vars?
Want Hy wil ‘n nuwe ding seker vir ons doen
Riviere in wildernis – dan is als weer groen!
In woestyn groei algou seder, akasia, en olyf
Hy versorg ons – wil Hy op ons harte skryf!
Drink dan ook vir die groter dors, my kind
My Gees by wie jou siel sal lafenis vind
Want Ek sien ‘n droogte wat My hart vergruis
Daarvoor het My Seun gesterf aan liefdeskruis

HK3 WOEKERPOGING

Heerlike Bobotie, rys en slaai in wegneemhouer teen R40
by Gladioluslaan 10, Heuningkloof vanaf 18:00 op 2 MAART 2018
Bestel by 028271 5316 voor 27 Februarie